P A U L R O O S

GIMNASIUM - GYMNASIUM

☏*(021) 887-0017* – 🖷*(021) 883-8461*
✉*Suidwal – Stellenbosch – 7600*
info@paulroos.co.za
www.paulroos.co.za

Geagte PRG -ouer

ROOSINBOSCH KAFETERIA

Die splinternuwe skoolkafeteria, Roosinbosch, maak binnekort hul deure oop onder die Japie Krige saal. Dit is uitgekontrakteer aan *Redpepper Catering*, 'n bekende spysenieringsmaatskappy in Stellenbosch. Die eienaar is self 'n oud Paul Rooser, en ook 'n ouer van ons skool.

Behalwe vir 'n uitgebreide spyskaart wat daagliks beskikbaar sal wees, sal daar ook 'n maaltyd van die dag wees. Dit is basies 'n goed gebalanseerde, gekookte bord kos, veral gemik op leerders wat na skool bly vir buitemuurse aktiwiteite en eers laatmiddag die skoolterrein verlaat. Hierdie maaltye moet egter vooraf bespreek word. Daar sal weekliks 'n spyskaart vir die daaropvolgende week op die kommunikeerder geplaas word met 'n skakel waarna ouers of leerders kan gaan om maaltye te bespreek. Besprekings kan ook by die kafeteria self deur die leerders gemaak word.

You are welcome to book the meal of the day for your other children at our neighbouring schools to enjoy after school at Roosinbosch.

Verder gaan daar ook gebruikgemaak word van 'n kontantlose-stelsel. Elke leerder kan registreer met sy vingerafdruk, en 'n bedrag van keuse deponeer in die besigheid se bankrekening. Die leerder kan dan vanaf sy rekening bestel totdat die balans uitgeput is. Ouers kan ook maandeliks geld in hul seun se rekening deponeer. Die doelwit is om vir elke leerder die geleentheid te gee om aankope te doen met sy vingerafdruk. Die beginsel werk soos 'n debietkaart en gee vir u as ouer die gemoedsrus dat u kind produkte kan koop sonder die risiko van geld wat kan wegraak. Dit is 'n baie veilige stelsel, en staan bekend as “LunchHub”, 'n produk van Scantrack.

The actual finger prints are not stored. It is only data points that are stored in a proprietary (ZKteco) format. The data points are stored on the device and then encrypted and backed up on our database. As we store only the proprietary data on our database and not the actual fingerprint, it would be impossible to reconstruct the entire finger print image.

U, as ouer, moet egter toestemming verleen dat u minderjarige seun se vingerafdruk gebruik mag word om hom op die stelsel te registreer. Sien asseblief aangeheg die magtigingsvorm. U seun moet die getekende vorm by die kafeteria inhandig voor hy op die stelsel kan registreer.

There will still be a cash facility, as well as a Snapscan facility for learners to buy products at the cafeteria. The opening hours for the cafeteria will be from 07h00 'till 17h00.

Learners can enjoy their 'Meal of the day' either during second break or after school. Breakfast options will be available from 07h00 – 09h00. The cafeteria will also offer convenient family meals that can be ordered in advance and be picked up at the cafeteria at your own convenient time.

Cape Crusade Coffee will operate the Barista coffee section with a variety of coffee-related products.

André van Staden
RECTOR

10 September 2019